STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

27 JANUARIE 2019

# GEMEENTEBULLETIN

**KWARTAALTEMA**
LIG wat LEWE bring

**OGGENDDIENS**
LIG op bekommernisse
Matt. 6:24-34

**GESINSDIENS**
LIG op ons behoeftes
Matt. 6:25-34

**JEUGDIENS**
LIG op bekommernisse
Matt. 6:24-34

**DEURKOLLEKTE**
Stellenberg-kosprojek

## EREDIENSTE

| | | | 27 Januarie | | 3 Februarie | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Potgieter | 2 | Ds. Visagie | 3 |
| 9:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Ds. Visagie | 7 | Ds. Potgieter | 8 |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Philipp Dietmann | - | Philipp Dietmann | - |
| 09:00 | Grootsaal | Klouterkerk | Geen diens | - | Ds. Breytenbach | - |
| 18:00 | Kerk | Jeugdiens | Ds. Potgieter | - | Ds. Potgieter | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Ds. Duvenhage | 12 | Ds. Breytenbach | 13 |

## WATERKRISIS IN KANNALAND

Zoar en Calitzdorp gaan binne die volgende twee weke glad nie meer water hê nie. Ons wil graag die twee uitreikplekke van die gemeente in hulle nood ondersteun en doen 'n beroep op lidmate om verseëlde vyfliterbottels water vir die gemeenskappe te skenk. Ons sal die water-voorraad binne die volgende twee weke aan dié dorpe besorg. Bydraes kan in die voorportaal van die kerk of by die kerkkantoor afgegee word. Onthou, elke persoon het ongeveer 50 liter water per dag nodig.

## GEMEENTEBRAAI

Lidmate word uitgenooi na die maandelikse gemeentebraai wat op Vrydagaand 1 Februarie in die markplein aangebied word. Almal is welkom en ons nooi veral nuwe lidmate om by die geselligheid aan te sluit. Bring jou eie vleis, slaai, eetgerei, drinkgoed en glase. Kole word voorsien en is vanaf 19:00 gereed.

## KLOUTERKERK SONDAG 3 FEBRUARIE 09:00

Ouers met babas, peuters en kleuters word na die informele erediens in die grootsaal genooi.

## JEUGDAGBOEK

- JUNIOR KLEINGROEPE: Graadgroepe van graad 1 tot 7 kom in die grootsaal byeen. Ons kort dringend kleingroepleiers vir graad 4 tot 7 om die kategesesisteem te laat funksioneer. Daar sal steeds geleenheid vir registrasie wees. Annibrand- T-hemde sal ook te koop wees @ R100 elk.
- SENIOR KLEINGROEPE: Jeugdiens begin om 18:00 met kleingroepe direk daarna. Daar sal weer geleentheid vir registrasie wees.
- BLISS: Vir studente en werkende jongmense. Sluit by ons aan op Sondae vanaf 16:15 tot 17:30 en Woensdagaande om 18:30. Nuwe lede is welkom. Kontak die jeugkantoor met navrae.
- DATUM VIR BELYDENISAFLEGGING: 3 Maart. Kontak die jeugkantoor by sunet@stellenberg.co.za vir die nodige aansoekvorms.
- JEUG-TOEP: Gaan na die *Google Play Store* of *Apple Store* en soek "Stellenberg". Laai die toepassing op jou foon af.
- DELFT-UITREIK: Donderdae vanaf 14:30. Vertrek direk na skool.

## VATVYF

**Maandag 28 Januarie**

Die pianis, Rocco de Villiers en die violis, Lizelle le Roux, tree op Maandag 28 Januarie 2019 om **14:00** by D'Aria, Durbanville op. **Neem asb. kennis dat die tyd van die uitvoering 14:00** is. Besprekings het ongelukkig reeds gesluit.

**Woensdag 6 Februarie**

Kom geniet 'n heerlike vrugtefees op Woensdag 6 Februarie om 10:00. Ons skop die jaar af met 'n gesellige saamkuiergeleentheid. Alle lidmate bo 60 jaar wat nuut by die gemeente ingeskakel het, is baie welkom om die geleentheid by te woon. Plek: saalkompleks. Bespreek voor Vrydag 1 Feb. by Karin Barter 021 976 4519. Koste: gratis.

### KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1 tot 7: Grootsaal

Graad 8: Grootsaal

Graad 9: Jeuglokaal

Graad 10: Kerk

Graad 11: Kleinsaal

### ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

Ons wil graag die maandelikse gemeentekoerant *Stellenberger* asook die weeklikse bulletin elektronies aan lidmate versprei. Indien jy nog nie nuus elektronies ontvang nie, stuur asb. 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za.

### MUSIKANTE PAROWVALLEI-OOS

Die Parowvallei-Oos-gemeente naby die Tygerberg Hospitaal is dringend op soek na jongmense wat in hulle *band* kan speel. Trom-, kitaar- en baskitaarspelers, asook sangers word benodig. Vergoeding word aangebied. Kontak dr. Theo Swart 083 457 1647.

## BYBELSKOOL

Die Evangelies is ons primêre bron van inligting oor Jesus. Tydens die Bybelskool-kursus sal ons die Evangelies afsonderlik bestudeer en die spesifieke boodskap wat dit vir ons tyd inhou, ontdek. Kursusgangers sal elk 'n kopie van die proefvertaling waaruit ons saam sal werk, ontvang. Die ses-weke-kursus begin Maandag 4 Februarie om 19:00 in die kleinsaal. Koste: R50 per persoon, betaalbaar by die kursus.

Datums: 4, 11, 18, 25 Februarie en 4 en 11 Maart

Besprekings: Karin Barter, karin@stellenberg.co.za/021 976 4519

## BEROEPINGSPROSES

Ons is dankbaar vir lidmate se voorbidding tot dusver. Onderhoude is suksesvol afgehandel. 'n Spesiale kerkraadsvergadering is vir 30 Januarie 2019 belê, waartydens 'n beroep uitgebring gaan word. Bid asseblief dat die regte kandidaat beroep word.

## STELLENBERG-KOSPROJEK

Dra asseblief by tot ons gemeente se kosprojek. Bydraes van niebederfbare produkte, of kontantbydraes is baie welkom. Elektroniese inbetalings kan gedoen word na: NG Kerk Stellenberg, ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik KOSPROJEK as verwysing. Vanuit die kosprojek word 30 gesinne binne die gemeente en uit die omliggende omgewing wat finansiële nood beleef, ondersteun.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Catherina Magdalena (Tina) Bergh, gebore 12/08/1921 en oorlede op 18/01/2019. Sy was sedert 1997 'n meelewende lidmaat van die gemeente. Haar roudiens was op Vrydag 25 Januarie om 11:00 in die kerk. Ons opregte meegevoel aan Charleen Bergh, haar dogter en ook 'n Stellenberg-lidmaat, asook haar seun, kleinseuns en agterkleinkinders wat sy agterlaat.

### EDELWEISS HUISBYEENKOMS

Sondag 27 Januarie 18:00

Psalm 36: Die Here is totaal anders . . .

### BYBELSTUDIE

Donderdag 31 Januarie om 15:00 en 15:45

1 Johannes 2:3 Liefde wys jy leef in die Lig . . .

### NUWE LIDMATE

Indien jy nuut by die gemeente ingeskakel het, kontak ons asseblief. Ons wil jou graag persoonlik ontmoet. Jy kan na die oggenddiens by die inligtingstoonbank aanmeld, of stuur 'n e-pos aan odette@stellenberg.co.za, of skakel die kerkkantoor by 021 976 4519.

## RAAK BETROKKE . . .

Ons benodig die volgende vrywillige helpers:

- **Omgeekombuis:** Ons benodig dames wat belangstel om een Donderdagoggend per maand kos te kook vir mense in nood. Kontak asb. vir Lindy by lindy@stellenberg.co.za of skakel 021 976 4519.

## BORG DIE BASAAR

Ons is op soek na klein besighede wat bereid is om by te dra om die basaar se onkoste te borg. In ruil vir die borgskap kan jy jou besigheid d.m.v. plakkate, of baniere op die kerkterrein tydens die basaar adverteer en jou besigheid se naam sal vir Maartmaand in die gemeentebulletin en op die elektroniese afkondigings in die kerk verskyn. Die bulletin word weekliks elektronies aan 900 lidmate versend. Kontak Sanèl by sanel@stellenberg.co.za/021976

## WITOLIFANTTAFEL — BASAAR 2019

Bring asseblief bydraes vir die witolifanttafel. Begin die nuwe jaar met netjiese kaste en raak ontslae van alles wat in onbruik verval het. Kombuisware, boeke, gereedskap, speelgoed, beddegoed, gordyne, sporttoerusting, ens. is baie welkom. Gee asb. bydraes by die kerkkantoor af.

## TIENDEMAANDINSAMELING

Ons tiendemaandinsameling duur tot einde Februarie 2019. Ons mikpunt is R1,75 mijoen en die insameling staan tans op R 1 335 615. Neem 'n spekboom in ruil vir jou bydrae.

## VAKATURE STELLENBERG-GEMEENTE

Gemeentebestuurder (Permanente kontrak, 08:00 tot 15:00, Maandag tot Vrydag). Die persoon is oorhoofs verantwoordelik vir die bestuur van die gemeente se personeel en fasiliteite. Vereiste: Bewese bestuurservaring. Aansoeke: 'n CV met drie verwysings moet per e-pos aan Marguerite Bester, marguerite@stellenberg.co.za, gestuur word. Sluitingsdatum: 8 Februarie 2019.

### BREIGROEP

Ons kom weer op Maandag 4 Februarie om 09:30 in die markplein bymekaar.

### WOLSKENKINGS

Die breispan is reeds aan die brei vir die Junie-uitreike. Ondersteun hulle asb. deur wol te skenk. Met een bol wol kan hulle een serp of 'n mus brei. Bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word.

### KOSPROJEK

Die kos wat aan gesinne in nood voorsien word, word op Woensdag 30 Januarie verpak. Bydraes vir die kosprojek moet asb. voor of op 29 Januarie by die kerkkantoor afgegee word, of onder die trap in die voorportaal van die kerk geplaas word. Finansiële bydraes kan elektronies oorbetaal word na: ABSA-tjekrekening, 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik KOSPROJEK as verwysing.